OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

20c | Thursday 28 June 1979 | WINDHOEK | Donderdag 28 Junie 1979 | No. 3982

Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

J. F. GREEBE
Secretary for South West Africa

Administration of South West Africa
Windhoek

Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. F. GREEBE
Sekretaris van Suidwes-Afrika

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

No. 107 1979

ORDINANCE, 1979: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

No. 13 of 1979 Administration Employees Amendment Ordinance, 1979

No. 107 1979

ORDONNANSIE, 1979: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:—

No. 13 van 1979 Administrasiewerknemers-wysigingsordonnansie, 1979.

No. 13 of 1979 ADMINISTRATION EMPLOYEES AMENDMENT ORDINANCE, 1979

(Assented to 18 June 1979)
(Afrikaans text signed by the Administrator-General)
(Date of commencement 28 June 1979)

ORDINANCE

To amend the Administration Employees Ordinance, 1957, so as to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator"; to correct certain references; to define the expression "Executive Committee"; to amend a textual error in the Afrikaans text of section 2; to provide that the Executive Committee may make regulations in regard to the secondment of employees to certain authorities and persons, and the employment of persons seconded to the Administration; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

Amendment of Ordinance 17 of 1957 to substitute the expression "Executive Committee" for the word "Administrator".

1. The Administration Employees Ordinance, 1957 (hereinafter referred to as the principal Ordinance) is hereby amended by the substitution for the word "Administrator" wherever it occurs of the expression "Executive Committee".

Amendment of section 1 of Ordinance 17 of 1957.

2. Section 1 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for the second sentence in subsection (1) of the following sentence:

"For the purposes of this Ordinance "employee" means a person in the service of the Administration who is not a member of the public service contemplated in section 3(1) of the Public Service Act, 1957 (Act 54 of 1957), or a teacher referred to in section 1(xlix) of the Education Ordinance, 1975 (Ordinance 21 of 1975); and "Executive Committee" means the Executive Committee referred to in section 4 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968).".

Amendment of section 2 of Ordinance 17 of 1957.

3. Section 2 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution in the Afrikaans text for the expression "sub-artikel (1)" of the expression "artikel *een*".

ADMINISTRASIEWERKNEMERSWYSIGINGS-ORDONNANSIE, 1979

No. 13 van 1979

(Goedgekeur 18 Junie 1979)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)
(Datum van inwerkingtreding 28 Junie 1979).

ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Administrasiewerknemersordonnansie 1957, om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang; om sekere verwysings reg te stel; om die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te omskryf; om 'n teksfout in artikel 2 te verbeter; om te bepaal dat die Uitvoerende Komitee regulasies kan maak betreffende die afstaan van werknemers aan sekere owerhede en persone, en die indiensneming van persone wat aan die Administrasie afgestaan word; en om voorsiening te maak vir verbandhoudende aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:–

Wysiging van Ordonnansie 17 van 1957 om die woord "Administrateur" deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

1. Die Administrasiewerknemersordonnansie 1957 (hieronder die Hoofordonnansie genoem) word hierby gewysig deur die woord "Administrateur" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Uitvoerende Komitee" te vervang.

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 17 van 1957.

2. Artikel 1 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die tweede sin in subartikel (1) deur die volgende sin te vervang:

"In hierdie Ordonnansie beteken "werknemer" iemand wat in diens is van die Administrasie uitgesonderd 'n lid van die staatsdiens beoog in artikel 3(1) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet 54 van 1957) of 'n onderwyser bedoel in artikel 1(xx) van die Onderwysordonnansie, 1975 (Ordonnansie 21 van 1975); en beteken "Uitvoerende Komitee" die Uitvoerende Komitee bedoel in artikel 4 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968).".

Wysiging van artikel 2 van Ordonnansie 17 van 1957.

3. Artikel 2 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die uitdrukking "sub-artikel (1)" deur die uitdrukking "artikel *een*" te vervang.

No. 13 of 1979 ADMINISTRATION EMPLOYEES AMENDMENT ORDINANCE, 1979

Amendment of section 3 of Ordinance 17 of 1957.

4. Section 3 of the principal Ordinance is hereby amended by the insertion after paragraph (b) of the following paragraphs:

"(bA) the secondment of employees, with their own consent, to the service of the Government of the Republic of South Africa, any other government or authority, a board, institution or body established by or under any law, or any other body or person;

(bB) the employment of persons in the service of the Government of the Republic of South Africa, any other government or authority, a board, institution or body established by or under any law, or any other body or person, who are seconded to the Administration;".

Short title.

5. This Ordinance shall be called the Administration Employees Amendment Ordinance, 1979.

ADMINISTRASIEWERKNEMERS-WYSIGINGSORDONNANSIE, 1979

No. 13 van 1979

Wysiging van artikel 3 van Ordonnansie 17 van 1957.

4. Artikel 3 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur die volgende paragrawe na paragraaf (b) in te voeg:

"(bA) die afstaan van werknemers, met hulle eie toestemming, aan die diens van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, 'n ander regering of owerheid, 'n raad, inrigting of liggaam wat by of kragtens een of ander wet ingestel is, of 'n ander liggaam of persoon;

(bB) die indiensneming van persone wat in diens is van die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, 'n ander regering of owerheid, 'n raad, inrigting of liggaam wat by of kragtens een of ander wet ingestel is, of 'n ander liggaam of persoon, en wat aan die Administrasie afgestaan word;".

Kort titel.

5. Hierdie Ordonnansie heet die Administrasiewerknemerswysigingsordonnansie, 1979.